**1 Julie**

## Huwelikslewe en gesinslewe in diens van God

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 3:1-13**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:2, 4, 12**

My huweliks- en gesinslewe is deel van my diens aan God. Trouens, God het die huwelik ingestel en bepaal dat man en vrou kinders moet hê (Gen 1:28).

As ek in God glo, moet my geloof ook in my verhouding met my man of vrou en my kinders na vore kom. Dit help nie dat ek ’n dominee, ’n ouderling, ’n diaken of selfs betrokke is by die susters is en dan is ek ’n tiran by die huis nie. Daar duld ek geen teenstand of teëpraat nie en regeer ek almal met ’n ysterhand. Almal moet net doen wat ek sê.

Om in ’n besondere amp te staan moet jy onder andere getrou wees aan jou vrou, jou eie huisgesin goed kan beheer en op ’n waardige wyse gesag oor jou kinders uitoefen. Dit geld egter nie net vir ampsdraers nie. Elke gelowige staan in die “amp” van gelowige. Elke gelowige se verhoudingslewe met sy vrou, man, kinders, ouers, werkgewer, onderwyser, ensovoorts, moet wys dat hy glo. Daar waar ek elke dag leef en werk, speel en ontspan, en met mense omgaan, moet ek my geloof uitleef. Ek moet wys dat God se Woord die riglyn vir my lewe is.

Christus leer in die liefdesgebod dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onsself. Die liefde moet in dade na vore kom. Gaan lees weer in 1 Korintiërs 13 hoe die liefde werk.

Jou huwelik, jou gesin, jou werk en jou skool moet deel wees van jou godsdiens. Daar moet God se liefde in jou lewe gesien word.

*Sing: Psalm 128:1, 2, 3* *Ds. W Vogel (Cachet)*